

Sondag 19 Julie 2020

Oggend-en-gesinsdiens

Skriflesing: 1 Konings 2:1-4, 10-12. Joh. 14:6. Prediker

Ons was die afgelope paar weke op reis gewees deur verskillende stadia en aspekte van Dawid se lewe.

In die gedeelte wat ons gelees het, staan hy aan die einde van sy lewe en is soort van terugskoudend en gee sy laaste bevel aan Salomo sy seun.

- Onder Dawid het die koninkryk van Israel beduidend uitgebrei. Hy het die maatstaf van koningskap in Israel gestel
- Op kaart kan gesien word hoe klein koninkryk was toe Dawid die troon bestyg het en hoe dit uitgebrei het onder sy heerskappy
- Onder Salomo was daar in die noorde beperkte veral ekonomiese uitbreiding

Deur die loop van die reeks het ons by enkele van sy lewensbakens te staan gekom.

- 'n Neutrale en eenkant lewe agter skape
- Oorwinning oor Goliat. Vroue wat sing na die oorlog: "Saul het 1 000de verslaan, maar Dawid het 10 000de verslaan"
- Laagtepunt met Natan nadat hy geval het vir Batseba – die se man om lewe laat bring het
- Eie seun wat teen hom in opstand kom en koningskap wou oorneem
- Verlede week ook in posisie om tempel te bou en beskore nie

Kyk terug aan einde van sy lewe en ook vorentoe (nageslag se rol) en wil sorg dat alles goed uitloop:

- Salomo– doen paar dinge en koningskap van Dawid sal "daar sal een uit jou nageslag as koning oor Israel regeer"
- Weet dit het nie so geëindig nie.

Lotgeval

Hendrik J Botha

Met net een omkykslag
het Lot se vrou
die hoogste prys betaal.
Wat kan ek en jy verwag
wanneer ons die lewe dag na dag
so oor die skouer bly betrag?

Dit is deel van ons menslikheid om die lewe te bedink en te betrag. Die hier en nou. Ons vra vrae oor waarmee ons onself besig hou. Die realiteit is dat – en dit het ons ook by Dawid beleef dat ons soos ons deur ons lewenstadiums en seisoene beweeg – daar miskien besondere sin en betekenis kan wees op sekere tye. Miskien is jy nou op skool en het sin in sport gekry en dat dit skool betekenis gee, student met aspirasie, kinders grootmaak, werk, middeljare, "halftime", nader die einde van loopbaan, huisvrou, afgetree ... Op n manier vra jy hierdie vraag in Covid tyd.

Ook die vraag waarmee Prediker hom besig gehou het. Betekenisvraag – wat kry mens vir al sy gewoel en werskaf? Alles kom tot niks! Alles is gejaag na wind! (Prediker 1:3-4, 17) Hy praat oor dinge wat ons geredeliker dink dat dit sin gee. Daar bly vir hom 'n leegheid oor wat die betekenis van die lewe laat uitloop in die sand.

Wat is dan nou die resep of die geheim van, of vir die lewe?

- Ons het 'n reseptehouer by huis. 'n Resep is 'n aanwysing met aanduiding van bestanddele en metode oor die wyse waarop ek 'n produk maak.
- Ek is nie 'n groot kosmaker nie, maar oor jare het ek geleer hoe om fudge te maak. Hierdie fudgeresep is oor en oor gebruik. Seker al maklik 35 jaar lank.
- Het basiese resep hier my hand. Dit bestaan uit verskillende bestanddele en dan aanwysings.
- As jy **kundige of meester raak op gebied kry jy 'n basiese resep**, maar om bv. fudge tot fynproewersprodukt te laat realiseer, volg jy nie net die resep slaafs na nie. Daar is te veel veranderlikes en te veel opsies.
- Die basiese resep se aanwysing is bv dat dit 6x6x11x11 minute op hoog in mikrogolf moet kook. Met nuwe tegnologiese mikrogolwe, grootte en sterkte van mikrogolf en selfs tyd van die dag is die produk se eindresultaat totaal verskillend.
- **Jy moet dit aanpas by jou eie unieke omstandighede.** Die toepassing en aanwending is die geheim tot unieke en besondere produk.

So is dit ook met die lewe. Prediker gee dan ook die antwoord – die breë resep. God gee vir ons die lewe en besef van tyd. Die hier en nou en ook wat hy noem onbepaalde tyd. Onbepaalde tyd is ook die lewe wat ons in Jesus Christus het.

Verseker is Jesus Christus die antwoord – vir ons as gelowiges. Gelowiges maak dit op allerhande maniere bekend soos ons dit ook soms sien op borde langs die pad.

Waarom sukkel so baie gelowiges dan ten spyte van gunstige lewensomstandighede en 'n verhouding wat hulle met die Here het? Ons sukkel soms met sin en betekenis ten spyte van die feit dat ons vir Jesus Christus ken en aan Hom behoort.

- Dit is daarom nie so eenvoudig as net om te sê: **“Glo net in God en Jesus en die lewe sal sinvol wees”** nie. Hier is die resep (jou fudgeresep) en alles is perfek en werk reg uit. Ek het al die basiese resep van fudge vir vele mense gegee – hulle maak die fudge en dit kom totaal anders uit, bykans by elkeen. Sommige s'n is kliphard en ander weer sandsuiker.
- **Vraag is hoekom werk dit nie?** Daar is letterlik 100 000 de Christene wat met betekenis- en sinvrae worstel. Is my lewe die moeite werd? Ek is niks werd nie! My lewe maak nie sin nie. Ek kan talle voorbeelde noem:
 - = Net soos meer as 'n week gelede lees ek van die predikant van **Gereformeerde Kerk, Henk Calitz**, wat sy lewe geneem het. Hy het aan depressie gely. Hy, wat pastoor was vir sy mense, sukkel om die sin en betekenis te kry a.g.v. sy siektetoestand. 'n Maand vantevore het hy vir mense by padblokkade gebid en die nuus daarmee gehaal.
 - = Talle faktore wat maak dat ons sukkel. Jy weet wat dit in jou lewe is.

Is dit dan nie maar net so eenvoudig as om bloot in God in Jesus Christus te glo nie?

- Ja, natuurlik is dit eenvoudig – om net aan Jesus vas te hou. Soos die fudgeresep, soos enige resep.
- Realiteit van praktyk werk bietjie meer ingewikkeld. Ons mense is kompleks en ingewikkeld.
- Christene sukkel net so – ten spyte van verhouding met Christus – om altyd sin te beleef
- Ja dit is miskien EENVOUDIG, maar nie noodwendig MAKLIK nie.

Miskien lyk my is die belangrike vraag, (en dié vraag geld of ek Christen of selfs ongelowige is, want baie ongelowige mense leef ook tog sinvol) of ek die **kuns bemeester van HOE OM TE LEEF**.

- Om werklik sinvol te leef, beteken dat ek en jy die **kuns bemeester om werklik MENS** te wees.
- Miskien is dit die **moeilikste van alle kunste**. Dit word nie by geboorte aan 'n mens geskenk nie.
- Die **potensiaal om die lewenskuns te leer is wel by geboorte teenwoordig**.

DAAROM BEGIN DIT BY ONSELF

OM DIT TE BEMEESTER IS 'N LEWENSTAAK en ons is ons lewe lank daarmee besig nie

- Daar kom nooit gedurende enige mens se lewe die punt waar ons kan sê: "Ek het die kuns bemeester" nie.
- Die lewe is van begin tot einde 'n **leerskool waarin hierdie lewenskuns geleer en beoefen moet word.**

In elke fase en seisoen van Dawid se lewe moes dit gestalte kry. Elke keer op 'n ander manier.

Ons almal is daarmee op weg. Op reis. In sommige lewenstadia en seisoene is dit makliker as in ander.

Hoe moet ons dan dit uitwerk?

In die taal van 'n skeptiese Prediker noem hy dit die "besef van 'n onbepaalde tyd" Ons kry kan ons sê die basiese resep in die gestalte van God se openbaring in Jesus Christus. Jesus het onder meer na Homself verwys en gesê: **Ek is die WEG, die Waarheid en die Lewe**

- Christene is in die eerste eeu genoem: Mense van die WEG.
- Maar hoe leef ons as mense van die **Weg. Hoe volg ons hom?**

Iemand wat my baie jare gelede al daarmee gehelp het en wat my persoonlik dus betref, het ek as deel van my leerproses om die lewenskuns te probeer bemeester, aanklank gevind by die skrywe van **brother Lawrence**, soos hy dit reeds dekades gelede uitgespel het, naamlik dat ek **maar net voor die aangesig van God kan leef.**

Dit moet ons inoefen. Lawrence se boek is op my boekrak "PRACTICE THE PRESENCE OF GOD". Dun onbeduidende boekie wat byna na 450 jaar steeds relevant is

- Lawrence is as Nicholas Herman in 1605 gebore en in Franse weermag gewond met die gevolg dat hy vir res van lewe kreupel was.
- Op 50 jaar oud het hy in Karmeliet klooster in Parys gaan werk en naam Lawrence gekry.
- As eenvoudige maar hoogs intelligente man het hy die eenvoudige werk as kok in die kombuis gekry en dit hoogs vernederend ervaar.
- Nietemin het hy probeer om dit pligsgetrou te doen. Die Heilige Gees het hom oortuig hoe ongesond sy houding teenoor sy werk was.

Toe hy eers begin het om homself daaraan te herinner dat God ook in die kombuis teenwoordig was, het sy gesindheid heeltemal verander.

Hy skryf: My kombuiswerk verskil nie van my tyd van gebed nie. In die geraas en gewerskaf van die kombuis, waar verskeie mense opdragte skree, is God self by my en teenwoordig. Daar leef ek voor sy aangesig. Hy is altyd naby

The fact that I can

plant a seed and it becomes a **flower**

share a bit of knowledge and it become **another's**

smile and get a **smile in return**

are to me **continual spiritual exercise**

Leo Buscaglia

Hier gaan dit oor God wat my die genade skenk om die LEWE te kan leef en geestelik besig te wees in ALLES wat ek doen. Die gewone goed. Die alledaagse.

Kerkvader **Ireneus**: "Glory to God is a human being fully alive"

Dit gebeur nie vanselfsprekend dat, as ons sy kinders is, alles so in plek val nie. Ons moet toelaat dat elke resep van God wat "fully alive" in my lewe moet wees, op 'n eie unieke manier gestalte kry. Hierdie verantwoordelikheid en potensiaal is in elkeen van ons. Deur die Here se genade kan ons as sy kinders juis hierdie potensiaal realiseer. Dit kry soos in Dawid se lewe spesifieke kontekstuele betekenis. Hy is nie 'n engeltjie nie, maar dit raak 'n werklikheid en kry gestalte op elke vlak van sy lewe waar hy dit verwoord – ook deur sy foute en sonde heen ...

Die lewenskuns is juis dan om uit te werk op watter eie unieke manier (in die taal van Buscaglia) watter plant jy moet plant, wie jou glimlag of 'n arm op die skouer nodig het ... dit is jou unieke interpretasie van die resep vir jou lewe:

- So kry die unieke JY gestalte en betekenis en sin.
- Belangrike is dat dit in verskillende seisoene anders gestalte kry. Wat 20 jaar gelede betekenis gehad het en belangrik was, is glad moontlik nie meer 'n prioriteit en belangrik vir jou nie.
- Dit is verskillend vir elkeen van ons. Hierdie uitdrukking van wie jy is. Dit is die lewenskuns. Dit mag wees dat jy sin vind deur jou met skeppende aktiwiteit besig te hou, diensprojek, vir jou bejaarde ouers te sorg, kinders te versorg, jou in 'n stokperdjie te in te grawe, in jou werk, jou huwelik, stille omgaan met God, oefening ... Vir elkeen van ons verskil dit.

Die gestaltes hiervan is onbeperk. Eie en uniek aan jouself, jou persoonlikheid, spiritualiteit, styl en karakter. Dit wat sin en betekenis kan gee vir elkeen van ons. Ek wil net by een stilstaan wat ons in die besonder in die tyd moet koester – **medemenslikheid**.

Dr Eugene Allers, psigiater het afgelope week op RSG gepraat oor die uitwerking van Covid 19 op die brein en sensus en die effek wat inperking en isolasie op ons as mense het.

- Hoe die inperking en afsondering van ander mense – spesifiek dan die natuurlike behoefte wat die menslike spesie het om liggaamlik/fisies met ander te doen te kry – ons psigies en emosioneel aftakel.
- Hy sê ook baie mooi dat ons ten spyte van WA video oproepe en ZOOM (waar ons die ander kan sien) behoefte het aan liggaamlikheid. Fisiese teenwoordigheid.
- Die ergste straf wat iemand kan kry, is “isolasie” - dit takel ons psigies en emosioneel af (solitary confinement)

Verhoudings, die ANDER is een van die fundamentele boustene van die Christelike geloof.

- Daarom word ons in die tyd spesifiek herinner om **na mekaar om te sien**. Die ANDER nie te vergeet nie
- Ons lees talle verhale van die tragiek dat mense alleen sterf. Met net die hospitaalpersoneel daar en kontak moontlik oor selfoon met hulle geliefdes.
- Ons soek menslikheid, 'n gesig, iemand.
- Hospitaalpersoneel in VSA het kreatiewe planne gemaak om nie net 'n verpleegster of anonieme persoon vir mense te wees nie, maar 'n **iemand**
- Agter die masker en is daar **iemand, met hart, met ook familie, ouers, kinders, emosie** – 'n mens - om so iets van menslikheid te gee ...

Into the Wild: Vertel verhaal van **Christopher McCandless** en deel van lewe wat hy in Alaska se wildernis deurgebring het.

- Hy het gradueer aan kollege en breek met konvensionele lewe, vernietig alle kredietkaarte en identifikasie dokumente.
- Gee teen vandag se wisselkoers R2 m vir welsynorganisasie en vat pad met Datsun wat amper soos Bremer se geletjie lyk.
- Uiteindelik beland hy in Alaska se wildernis en bly in verlate ou bus. Aanvanklik is hy baie opgeruk en in sy skik met die alleenheid en eensaamheid en gaan goed ... en dan slaan die winter toe.
- Uiteindelik eet hy van bos met giftige bessies en sterf stadig. Twee weke later is sy liggaam deur jagters gevind.

Dagboek onder meer die aangrypende aantekening in sy laaste swaarkrytyd

- *Happiness is only real when shared*
- Geluk is eers werklik wanneer dit gedeel word. Kom ons deel dit. Stellenberg se visie gee vir jou en my 'n grote reikwydte. “Ons reik uit oor alle grense ...”

In dié tyd waar ons sukkel met 'n klomp goed – kom ons doen spesiaal moeite met die ander. Om die kuns opnuut te ontgin in die sin en betekenis van die ANDER.

Mag elkeen van ons deur die genade van die Here die vermoë kry om, in watter fase of seisoen van ons lewe ook al, betekenis te vind en deur ons unieke menswees dit vir ander ook betekenisvol maak.

Gebed **Thomas Merton – ou kerkvader**

My Here en my God,
Ek het geen idee waarheen my lewenspad my lei nie,
Ek sien nie die pad voor my nie,
Ek weet nie met sekerheid waar dit sal eindig nie.
Ek ken ook nie regtig myself nie en die feit dat ek dink ek volg u wil, beteken nog nie dat ek werklik u wil volg nie.

Maar ek glo dat die begeerte om U te behaag, U wel behaag.
En daardie begeerte het ek in alles wat ek aanpak.
Ek wil niks buite hierdie begeerte doen nie.
En ek weet dat as ek só lewe, U my op die regte pad sal lei,
al is dit 'n onbekende pad.

Daarom sal ek U altyd vertrou,
Selfs as dit begin lyk of ek verdwaal het.
Ek sal nie vrees nie, want U is altyd by my
En U sal my nooit verlaat om teenspoed alleen aan te durf nie.

Amen.